

# Vuk'uzenzele

Produced by: Government Communication & Information System (GCIS)

English /Afrikaans

Maart 2020 Uitgawe 1

**STATE OF THE NATION ADDRESS**

**GROW SOUTH AFRICA**

**SONA special edition**

## Inclusive growth for all South Africans



Image: by Jure Senekal

**“Agriculture is one of the industries with great potential for job creation.”**

President Cyril Ramaphosa

Food security is a priority for Nophelo Zanani who is an emerging farmer for Siyazama Community Food Garden in Khayelitsha.

More on Page 8



To read Vuk'uzenzele download the GOVAPP on:



Search for SA Government on Google playstore or appstore

### CONTACT US

Vuk'uzenzele @VukuzenzeleNews

Website: [www.gcis.gov.za](http://www.gcis.gov.za)  
[www.vukuzenzele.gov.za](http://www.vukuzenzele.gov.za)

Email: [vukuzenzele@gcis.gov.za](mailto:vukuzenzele@gcis.gov.za)  
Tel: (+27) 12 473 0353

Tshedimosetso House:  
1035 cnr Frances Baard and Festival streets, Hatfield, Pretoria, 0083

**FREE COPY NOT FOR SALE**



"DIT IS NOU TYD DAT ONS ALMAL TER ERE VAN NELSON MANDELA MOET SAAMWERK OM 'N NUWE, BETER SUID-AFRIKA VIR ALMAL TE BOU."

PRESIDENT CYRIL RAMAPHOSA

#SendMe

LAAT JOU TOEKOMS BETER WEES  
LEER VAN MADIBA



# Die jeug is die toekoms van ons land

**O**m met jong mense gesprek te voer, laat my altyd energiek voel. Dit is opwindend om insig te kry in hul strewes en oorwinnings en hul visie oor wat gedoen kan word om hierdie land te verbeter.

Ons kan nie ontken dat die jeug 'n belangrike teenwoordigheid in die psige en weefsel van ons land is nie.

In teenstelling met die persepsie dat hulle selfvoldaan, polities apaties of selfbehep is, bevestig plaaslike en internasionale studies dat jongmense regdeur die wêreld altyd meer positief is oor hul vooruitsigte.

Volgens die bevindinge van 'n peiling deur Ipsos Pulse of the People, wat in Januarie vrygestel is, voel 61% van Suid-Afrikaners tussen 15 en 17 jaar optimisties oor 2020.

Ek twyfel nie dat dit 'n sentiment is wat gedeel word deur die jeug in die algemeen nie, en veral die groep wat aan die begin van die millennium gebore is en nou hul volwasse lewe begin; diegene wat die jeug Ama2000 noem.

Dit is die seuns en dogters wat ná demokrasie gebore is. Hoewel hulle nie persoonlike ervaring van die gruweldade van apartheid het nie, leef hulle saam met die nalatenskap van rasseongelykheid, ruimtelike onreg en armoede. Hierdie jongmense is vol vertroue, selfversekerd en vol ambisie. Hulle ken hul regte en is nie bang om daarop aan te dring nie.

Die jeug van ons land verteenwoordig energie, hoop, pret, potensiaal, toekoms en vryheid.

Hulle is digitale boorlinge wat vlot is in die gebruik van moderne tegnologieë en loopbane wil betree wat nie eens bestaan het toe hul ouers jonk was nie.

Aan die vooraand van die Staatsrede het ek die voorreg gehad om met 'n groep sulke dinamiese jongmense te gesels tydens 'n intergenerasie-dialoog wat deur die Nasionale Agentskap vir Jeugontwikkeling belê is.

Ons het kwessies wat vir die jeug baie belangrik is bespreek, en maniere ondersoek om ons perspektiewe en optrede te bely.

Uiteraard het toegang tot werk en geleentheid die agenda oorheers. Van die 1,2 miljoen jongmense wat elke jaar tot die arbeidsmark toetree, is daar byna twee derdes wat nie werk of studeer nie.

Die deelnemers aan die dialoog het die feit verwelkom dat die kwessie van jeugindiensneming op die hoogste regeringsvlakke aandag geniet. Maar die refrein was welbekend: hulle was op verskillende maniere gereed en kon bydra tot die ekonomie, onder meer as entrepreneurs, maar burokratiese rompslomp en 'n gebrek aan finansiering verhoed hulle om dit te doen.

In dié verband het Bright Hlongwane van Youth in Business South Africa vir my gesê daar moet meer geld vir jong entrepreneurs beskikbaar gestel word. Hulle wil graag sien dat 'n verskeidenheid finansiële instellings, soos instellings wat ontwikkelingsfinansiering voorsien, private beleggers en private-ekwiteitsfirmas, sowel as kommersiële banke, krediet aan ons jong entrepreneurs verleen en vertroue in hulle stel.

Om ons land te laat vooruitgaan en floreer, moet ons alles in ons vermoë doen om te verseker dat jongmense op 'n betekenisvolle manier aan ons ekonomie kan deelneem, hetsy

in formele indiensneming of in eie diens.

Dit was dus gepas dat ek hierdie platform kon gebruik om die Presidensiële Intervensie vir Jeugindiensneming te loods, wat 'n strategiese nasionale visie en plan is waarin prioriteitsoptredes uiteengesit word om jeugwerkloosheid die hoof te bied.

Dit sluit 'n nasionale loopbaan netwerk in wat kandidate met werkseleentheid verbind wat by hulle vermoëns pas. Dit stel jongmense in staat om toegang tot geleentheid te kry, aangesien sommige van hulle nie toegang tot netwerke het wat geleentheid vir hulle ontsluit nie.

Gespesialiseerde kort gefokusde kursusse in vaardighede waaraan werkgewers tans 'n behoefte het, word gereël. Dit is daarop gerig om aandag te gee aan die probleem van 'n wanverhouding tussen die bestaande opvoedkundige, opleidings- en ontwikkelingsprogramme en die vereistes van die ekonomie.

Ons verwelkom die werk wat reeds op hierdie gebied gedoen word, soos die program wat tans deur die departemente van Landbou, Grondhervorming en Landelike Ontwikkeling asook Samewerkende Regering en Tradisionele Sake onderneem word om 1 000 jong studente in die Vrystaat op te lei in landbou- en ander vaardighede.

Talle jongmense wil hul eie ondernemings begin. Hulle het egter nie die tegniese vaardighede wat hulle kan help om dit te doen nie. Hierdie ingryping sal die groei van jong entrepreneurs ondersteun.

Entrepreneurskap is beslis nie 'n wondermiddel nie, maar ek

is oortuig daarvan dat dit een doeltreffende en bewese manier is om identiteit en doel, 'n gevoel dat hulle êrens behoort en hoop vir die toekoms aan die jeug te verleen.

Die Presidensiële Jeugdiensprogram bied aan jongmense geleentheid om iets terug te gee aan hul gemeenskappe. Hierdie inisiatief is daarop gerig om veranderinge te bewerkstellig en 'n grootskaalse uitwerking te hê, in teenstelling met gefragmenteerde programme wat 'n beperkte uitwerking het.

Ek het ook in die Staatsrede aangekondig dat ons 1% van die nasionale begroting opsy sal sit vir 'n jeugindiensnemingsinisiatief. 'n Aantal programme en projekte word ontwerp om hierdie nasionale uitdaging aan te pak.

Die jeug van ons land sien dit duidelik as 'n land van geleentheid en belofte, ondanks die struikelblokke wat hulle teëkom. Die afgelope week alleen het ek verskeie jong Suid-Afrikaners ontmoet wat my trots maak op hoe ver ons gekom het en wat ons bereik het.

Daar is jong sportmense soos gholff-wonderkind Sim 'Tiger' Tshabalala, wat net net agt jaar oud is en reeds internasionale gholff-toekennings inpalm. Hy is in sy ouderdomsgroep sewende in die wêreld en het die US Kids-gholftoernooi twee keer gewen. Ek was verheug toe graad 11-leerder Sinoyolo Qumba van Orange Farm aan my skryf oor wat in die SoNA van hierdie jaar moet wees. Sy het eindelijk by ons toespraakskryfspan aangesluit in die konsepfasies. Daar is passievolle aktiviste soos Ayakha Melithafa van Eerste Rivier in die Wes-

Kaap, wat vanjaar die Wêreld Ekonomiese Forum in Davos bygewoon het om 'n beroep op wêreldleiers te doen om vas te staan vir klimaatgeregtigheid. Toe ek kennis gemaak het met Michelle Nkamankeng, wat op 11-jarige ouderdom Afrika se jongste skrywer is en onder die tien voorste jongste skrywers ter wêreld is, was ek verstom. Sy het sewe boeke geskryf, waarvan die eerste een reeds op die ouderdom van ses jaar die lig gesien het. Soos professor Jonathan Jansen gesê het: 'Sy is selfversekerd, welsprekend, insigryk en passievol'.

Dit is hierdie jongmense wat die ware juwele van ons land se toekoms is, en wat ons daaraan herinner dat ons vryheid gewen is deur die opofferings van die jong mans en vroue wat vasberade was dat nie net hulle nie, maar ook diegene wat na hulle sou kom, in die lig van vryheid moet lewe.

Ons moet aanhou om saam te werk as regering, die sake-wêreld, die arbeidsektor en die burgerlike samelewing om te verseker dat die las van werkloosheid nie ons jongmense neerdruk, hul gees verpletter en hulle moedeloos maak nie. Ek is vol vertroue dat die aksies wat ons in die SoNA uiteengesit het, 'n nuwe mylpaal vir jeugontwikkeling sal verteenwoordig.

Soos Frantz Fanon gesê het, dit is elke generasie se taak om sy missie te ontdek. Hierdie generasie het hulle s'n ontdek. Dit is nou ons taak om hulle te ondersteun om dit te vervul. Dit is 'n historiese feit dat 'n land se mislukking om die vermoë van sy jeug suksesvol te koester en te versterk, in die toekoms die ondergang van daardie land kan beteken. **V**

# BMW sluit aan by die geveg teen GGG

**B**MW Groep Suid-Afrika het vyf BMW i3-motors oorhandig, wat deur gemeenskapsgebaseerde sorgwerkers gebruik sal word om slagoffers van geslagsgebaseerde geweld te bereik.

Die voertuie is deur President Cyril Ramaphosa en Duitse Kanselier, Angela Merkel ontvang. Hulle is aan die Suid-Afrikaanse Sakekoalisie oor Gesondheid en VIGS (SABCOHA) oorhandig om dit namens die multisektorale Tussentydse Loodskomitee vir

Geslagsgebaseerde Geweld en Vrouemoord (GGGV) te beheer.

Die motorgroep se bydrae demonstreer die ontwikkelende vennootskap in die stryd teen GGGV tussen die regering en burgerlike samelewing, wat die sakesektor en internasionale vennote insluit.

Die inisiatief is deel van die motorindustrie se Transformasiefonds (wat R6 miljard werd is), wat gestig is om die motorwaardeketting te transformeer en deelname aan die sektor deur voorheen en histories benadeelde groepe te bevorder, insluitend vrouens, die jeug en mense met gestremdhede.

President Ramaphosa het onlangs by die voertuigoorhandiging wat by BMW Groep se produksie-aanleg in Rosslyn, Tshwane, gehou is, gesê dat die voertuie sal help om lewens te red. Hy het sy dank teenoor BMW uitgespreek omdat hulle die eerste maatskappy is om voertuie te skenk en het ander aangemoedig om hulle voorbeeld te volg.

“Dié praktiese uitdrukking van goeie korporatiewe burgerskap stuur ’n baie goeie en duidelike boodskap wat ons wil hê baie ander maatskappye ook moet opmerk en aanvaar.

“Die bestaan van BMW Suid-Afrika demonstreer gevestigde en sterk ekonomiese verbintenisse tussen [Duitsland en SA],” sê President Ramaphosa.

## Noodreaksieplan om GGGV die stryd aan te sê

Die regering is besig om ’n noodreaksieplan om GGGV die stryd aan te sê, in werking te stel.

’n Nasionale Strategiese Plan



oor GGGV, wat ’n reeks maatreëls om GGGV aan te pak uiteensit, is ook ontwikkel.

“Die plan fokus op die versterking van voorkomingspogings en om die veiligheid van en geregtigheid vir die vrouens en kinders van ons land te verseker. Die plan het ook te make met ekonomiese bemagtiging, ’n gebied wat só belangrik is dat ons, as die regering, daarop gaan fokus,” sê President Ramaphosa.

Produksiegroephef en voorsitter van BMW Suid-Afrika, Dr Milan Nedeljkovic, sê dat ’n totaal van 4 000 mense in Suid-Afrika direk deur die BMW-groep in diens geneem word, insluitend vier uit vyf bestuurders wat plaaslik is.

Nedeljkovic sê dat daar ook meer as 40 000 mense indirek, deur die maatskappy se nutsmaatskappye in Suid-Afrika, in

diens geneem word.

“Ons eerste formele opleidingsfasiliteit in BMW SA het sy deure in 1978 geopen en sedertdien het meer as 2 000 mense opleiding deur BMW ondergaan en werk by BMW gekry.

“Die maatskappy het drie jaar gelede die opleidingsakademie gestig om die tegniese opleiding tot ’n nuwe vlak te verhef,” sê Nedeljkovic.

Hy sê dat die maatskappy se filosofie beklemtoon dat onderlig die sleutel tot sukses is en dat “lewenslange leer deur die BMW-groep deel van daardie sukses is”.

“Ons sal teen 2025 wêreldwyd een miljoen kinders en jongmense ondersteun deur geteikende onderrigprogramme wat op vaardighedsprogramme fokus.”

[SAnews.gov.za](http://SAnews.gov.za)



President Cyril Ramaphosa saam met die Duitse kanselier, Angela Merkel, tydens die oorhandiging van voertuie wat deur BMW geborg is om GGGV te help bestry.

# Protection for abuse victims



**P**resident Cyril Ramaphosa says the Domestic Violence Act will be amended to better protect victims in

violent domestic relationships.

Delivering the State of the Nation Address (SONA) before a joint sitting of the two houses of

Parliament, President Ramaphosa said the Sexual Offences Act will also broaden the categories of sex offenders whose names must be included in the National

Register for Sex Offenders.

“We will pass a law to tighten bail and sentencing conditions in cases that involve gender-based violence (GBV),” President Ramaphosa said.

President Ramaphosa noted that over the past six months, communities, government, civil society, religious groupings, the judiciary and Parliament want more to be done to end the crisis of violence perpetrated by men against women.

“It has been a truly united and determined response from all South Africans. Through building social compacts across society to fight this scourge we will be able to achieve much more ... but it is only the beginning of the struggle.”

He said that progress has been made in several areas including the implementation of an Emergency Action Plan to deal with the scourge of GBV.

“We implemented an Emergency Action Plan and reprioritised R1.6 billion to support this plan until the end of the current financial year.”

The plan focuses on improving access to justice for survivors of violence and prevention campaigns to change attitudes and behaviour.

The plan also involves measures to strengthen the criminal justice process and to prioritise the creation of economic opportunities for women who are vulnerable to abuse.

[SAnews.gov.za](http://SAnews.gov.za)

# Learners transforming communities



■ Pupils from Oranje Oewer Primary School in the Northern Cape won first prize for coming up with a waste management project to keep their school environment clean.

## More Matshediso

**E**mpowervate Trust is a youth development non-profit organisation (NPO) that works in partnership with the Department of Basic Education (DBE) to give learners an opportunity to become agents of change in their communities.

It runs a well-established initiative called the Youth Citizens Action Programme (Y-CAP), which is a competition-based programme that encourages learners from primary and secondary schools to identify challenges affecting their schools and communities and come up with solutions.

Empowervate Trust Founder

and Chief Executive Officer Amanda Blankfield-Koseff said the idea to establish the programme came to her while she was working for a non-governmental organisation as a marketing manager.

Back then, she was responsible for facilitating youth dialogues to discuss problems facing communities.

"I realised that young people were excited to be given a platform to talk about issues affecting their communities and to suggest solutions, but it was just a 'talk show' and that eventually discouraged them," she explained.

Blankfield-Koseff suggested to her boss that the programme be changed into an action programme so that it could be impactful, with concrete results, and was given the go-ahead to run with the project. It was decided that it would proceed as a school competition to incentivise participation.

The programme was pitched to the education department and in 2010, Y-CAP held its first competition. The pilot project was run in four provinces – the Eastern Cape, KwaZulu-Natal, the Western Cape and Gauteng.

Last year, 400 schools from across the country participated.

Four teams from different schools including primary, secondary, beginner and advanced level categories won a tablet and R5000 each for coming first

place, and four teams that came second place won R2500 each.

Oranje Oewer Primary School in the Northern Cape won the 2019 beginner category. The team won first prize for a waste management project to keep their school environment clean.

Because Y-CAP is a partnership between an NPO and a government department, it won the Special Ministerial Award in the 17th Public Sector Innovation Awards 2019.

The DBE said partnerships with civil society are important because they are instrumental in mobilising society in support of the education of learners. It explained that while the school takes care of formal curricular education matters for children, civil society strengthens the informal co-curricular educational aspects, which are essential for the development of a well-rounded and holistically educated child. **U**

**If you want your school to be part of the programme, you can email [info@empowervate.org](mailto:info@empowervate.org) for enquiries.**

# Beplan jou finansies slim

## \*Dr Rufaro Mucheka

**D**ie nuwe jaar is 'n geleentheid vir 'n nuwe begin, om betekenisvolle doelwitte te stel, nuwe gewoontes te skep en jou vorige finansiële bestedingsgewoontes aan te pas om 'n meer volhoubare toekoms te verseker.

Dit lyk asof die ekonomiese toestande van 2020 selfs moeiliker as dié van 2019 gaan wees, en dit is dus noodsaaklik dat jy jou persoonlike finansies noulettend en objektief bekyk.

Om finansiële onafhanklikheid te bereik is 'n uitstekende doelwit, maar baie min mense weet waar om te begin. 'n Paar goeie finansiële gewoontes sal

jou help om jou nuwe jaar met sukses aan te pak.

Om te verseker dat jy jou finansiële doelwitte bereik, kan jy SMURT-doelwitte (SMART, in Engels) vir 'n finansiële geborge toekoms toepas. Dit beteken dat doelwitte gestel moet word wat:

- Spesifiek is
- Meetbaar is
- Uitvoerbaar is
- Relevant is
- Tydsgebonden is.

Dit is ook belangrik dat jy jou finansies noukeurig beplan. Hier is 'n paar nuttige wenke:

**Stel jou finansiële doelwitte** - Dink na oor jou finansiële dissipline in 2019 en stel nuwe doelwitte vir 2020.

**Vereffen jou skuld** - Gebruik enige



oorblywende fondse of bonusse en salarisverhogings om jou skuld te vereffen, aangesien jy baie rente kan spaar deur skuld vinniger af te betaal.

**Pas jou begroting aan, soos nodig** - Maak die nodige aanpassings op jou begroting, verhoog jou spaargeld en verminder jou besteding, namate jy jou bestedingsgewoontes naspoor. Spaar 'n deel van jou salarisverhoging, as jy een kry, eerder as om jou lewenstylbesteding te verhoog.

**Hersien jou versekeringspolis** - Evalueer jou lewe, gesondheid, gestremdheid en korttermynversekering om te verseker dat die bedrae aan jou behoeftes voldoen.

**Praat met 'n oop gemoed met jou huweliksmaat oor geld** - Huweliksmaats is geneig om finansiële kwessies vir mekaar weg te steek. Hou maandelikse vergaderings om begrotings, jul finansiële doelwitte en dit wat julle albei vir die toekoms wil hê, te bespreek. Neem die

tyd om 'n gedeelde visie te ontwikkel van hoe julle wil hê julle toekoms saam moet lyk.

**Verminder jou vermaaklikheidsbegrouting** - Kry gratis aktiwiteite soos parke, biblioteke en dinge wat jy in jou buurt kan doen. Daar is baie maniere om pret te hê sonder om geld te spandeer.

## Wenke om jou te help om by die plan te hou

Om by jou finansiële plan te hou is nie altyd maklik nie, maar poog om die volgende te doen:

- Gaan gereeld jou bankrekening na – evalueer jou besteding.
- Wees voorbereid op terugslae.
- Verny onbeplande skuld.
- Koop slim. Vra jouself: Het ek dit werklik nodig? Is dit deel van my finansiële plan?
- Praat met 'n finansiële raadgewer as jy geen idee het waarom te begin nie. **U**

**\*Dr Rufaro Mucheka (PhD) is 'n erkende finansiële beplanner en Hoof van Strategie en die Res van Afrika by Nedbank Finansiële Beplanning**